***Uit die hoof se kantoor:***

***3 November 2025.***

Geagte Ouer / Voog en Gemeenskap

***Akademie:***

Ons nader nou eindeksamen. Graag versoek ek dat leerders betyds by die skool sal wees en tot aan die einde van die dag sal bly. Maak asseblief seker dat elke leerder voorberei vir die eksamen en handboeke en leesboeke inhandig soos versoek.

***Sport:***

Baie geluk aan ons krieketspanne wat deel was van Oos-Transvaal se uitspele. Ons 0/10 het in die Semi-Finale verloor en nader kon dit nie gewees het nie. Ons is uiters trots op julle.

Ons het hierdie jaar aan 3 kompetisies deelgeneem met ons sewes-spanne en weereens gewys dat ons leerders elke geleentheid aangryp en hul beste gee. 0/12's is twee keer 3de en 0/11's is tweekeer 1ste.

Ons atlete neem deel op verskeie plekke en ons sien uit daarna om julle te sien in 2026.

***Kultuur:***

Ons leerders het die jaar voltooi en elke keer gewys wat hulle kan doen met talente van Bo ontvang. Soos hulle ook gaan wys met ons kultuureretoekennings. Dankie vir `n besonder kultuuraand waar ons leerders gewys het hulle geniet kultuur.

***Eretoekennings:***

Baie geluk aan elke leerder wat erkenning ontvang. Ons is saam met julle trots en ook betuig ons dank aan elkeen wat hul beste gee vir ons skool en daarvoor erkenning ontvang. As daar enige leerder gemis is met die erkennings, is u meer as welkom om die organiseerders te kontak en sal ons met laaste saalbyeenkoms erkenning gee. Krieket en Gholf ontvang dan ook hier hul erkenning a.g.v. laat uitslae met seisoen wat verander het en nuwe reeks.

***Voedsel:***

Dankie aan ons donateurs en skenkers wat help dat ons kan gee aan die wat nie die voorreg het wat ons het nie. Veral waar ons Desember nader en elkeen graag die beste vir hul kinders oor die feesseisoen wil gee.

***Konsert:***

Ons leerders begin opgewonde raak oor die gedagte om saam met "Flooze" `n aand te geniet en die Waarde van Kersfees te ontdek. Moedig asseblief elke leer aan om ook hier deel te wees en so die jaar op `n absolute hoogtepunt af te sluit.

***Finansies:***

Woensdagaand is ons AJV en word finansies bespreek en nuwe voorgestelde bedrae afgeteken. Ons benodig 110 ouers om die saak te kan afhandel, anders moet ons weer oor twee weke sonder `n kworum afteken. Ons vra u om in die lig van veranderinge in media aangekondig ons te ondersteun in hierdie uiters belangrike saak.

____________________

Hoof

CBlignaut